J C E M
P O BOX 11550
AERORAND
1070
TEL (013) 2441325
CELL 082 8222 006

J C E M
POSBUS 11550
AERORAND
1070
TEL (013) 2441325
SEL 082 8222 006

JESUS CARES
Evangelistic Ministry
Bible School

Afrikaans

Voorskool Bybel Kursus – Jesus se kruisiging
Les 16
Skrifte: Matteus 27, Markus 15, Lukas 23, Johannes 19.

Nadat Jesus en Sy vriende hulle laaste ete saam geëet het, het hulle na ‘n tuin gestap om te gaan bid. Hier het Jesus se vyande hom gekry. Die mans het knopkieries en stokke gehad Dit het verskriklik gelyk. Heel voor het Judas, een van Jesus se vriende geloop.

Judas het vorentoe gekom en vir Jesus op sy wang gesoen. “Hy is die man wat julle soek!” sê Judas. “Vang Hom.” Jesus het baie hartseer gelyk.

Jesus se vriende was baie bang. Die meeste het weg gehardloop. Net Petrus het nie. Hy het sy swaard uitgepluk en rond geswaai. “Bêre jou swaard” het Jesus gesê. Dit is nie nou tyd om te baklei nie. Ek moet saam met hulle gaan. God wil dit so hê. Toe gryp hulle vir Jesus en sleep hom tot voor die leiers. Hulle het hom die hele nag voor die hof gehad. “Hy sê hy sal die tempel afbreek” sê iemand. “Hy sê hy is koning,” sê ‘n ander. “Hy is ‘n moeilikheid maker.” Skree almal. Niks hiervan was natuurlik waar nie. Maar dit het nie saak gemaak nie, want die leiers het klaar besluit dat Jesus skuldig was. Jesus moes dood gemaak word.

Hulle het Jesus begin slaan. Baie hard. Hulle het Hom met swepe stukkend geslaan. Hulle het ‘n doring kroon op sy kop gesit. Terwyl daar bloed oor Sy kop loop, spot hulle Hom,”So jy is kamma ‘n koning, kyk hoe lyk jy nou.” Jesus het nie ‘n woord gesê nie. Hy het baie pyn gehad, en sy hart was gebreek. Toe vat hulle ‘n swaar houtkruis en sit dit op Sy rug.”Stap,” skree hulle en lei Hom deur die strate. Party mense het gehuil toe hulle Hom sien. Ander was weer bly. Almal het agterna gestap toe Jesus die kruis teen die heuwel moes opdra. Toe Jesus bo-op die heuwel kom, het hulle Jesus aan die kruis vasgespyker. Hulle het die spykers deur Sy hande en voete geslaan. Toe lig hulle die kruis regop, sodat almal vir Jesus daar kan sien hang. Hulle los Hom toe so, om te sterf. Langs Jesus het ‘n dief gehang wat baie bang was. Jesus praat toe met hom om hom beter te laat voel. Jesus het hom ook belowe dat hy saam hemel toe kan gaan. Die mense het Jesus nog steeds gespot. “Jy het ander mense gered, hoekom red jy dan nie vir jouself nie,” het hulle geskree. Jesus het geweet waarom nie. Dit was omdat God Hom daar wou hê,en sodat Hy al die slegte dinge weg kon vat wat enige mens nog ooit gedoen het.

Toe word die lug donker en die aarde begin bewe. Dit was asof God se hart gebreek het. “Dit is klaar,” het Jesus gefluister. En in die donkerte en hartseer het Jesus gesterf. Sy vriende het toe Sy lyk van die kruis afgehaal en gaan begrawe. Jesus het op die derde dag weer op gestaan uit die dood.

Moontlike eksamen vrae.

1. Wat was Jesus en Sy vriende besig om te doen voordat hulle na die tuin toe is om te bid?
   Antw Hulle het hulle laaste ete saam geëet.
2. Wie het Jesus op sy wang gesoen en Hom verraai
   Antw. Judas, een van Sy vriende.
3. Hoekom is Jesus gekruisig?

Antw. Om al ons sondes van ons af weg te vat.